education
Department of Education
FREE STATE PROVINCE

# GRAAD 7

# SOSIALE WETENSKAPPE: GESKIEDENIS

# JUNIE 2025

**PUNTE: 50** **TYD: 1½ uur**

**Skool:** ______________________________________________

**Leerder se naam en van:**________________________________

**Graad 7** ______

**Punte: AFDELING A:** ____ / **15** **AFDELING B:** ____ / **35** **TOTAAL:** ____ / **50** = ____%

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit TWEE afdelings:

| | | |
|---|---|---|
| AFDELING A: | Die Koninkryk van Mali en die stad Timboektoe in die 14de[de]eeu | (15 punte) |
| AFDELING B: | Die trans-Atlantiese slawehandel | (35 punte) |


2. Wanneer jy vrae beantwoord, moet jy ook jou eie kennis toepas.
3. Skryf netjies en leesbaar.

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.**

## **AFDELING A: DIE KONINKRYK VAN MALI EN DIE STAD TIMBOEKTOE (14de eeu)**

**VRAAG 1:** Gebruik Bron A, Bron B, en jou eie kennis om die vrae te beantwoord.

Bron A: **Kaart van die Trans-Sahara handelsroetes**




Bron B: **Mansa Musa se pelgrimstog**

Dit was in 1324 toe die wêreld van die mag en rykdom van Mali kennis geneem het.
"Oor die warm Afrika-woestyn was 'n groot karavaan op pad na Mekka. Daar was baie kamele en omtrent 60 000 mense! Hulle was Mansa Musa se manne, en Mansa Musa was saam met hulle. Hy was nie op pad oorlog toe nie: hy was bloot op pad om in Mekka te aanbid."

[Bron: Aangepas uit African Glory deur JC de Graft-Johnson]

1.1 Wie was Mansa Musa? (1)

_______________________________________________

1.2 Kies 'n stelling in KOLOM B wat ooreenstem met die woord in KOLOM A. Skryf slegs die korrekte letter langs die nommer in die blokkie hieronder neer. (3)

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.2.1 | Karavaan | A | 'n Gebou waar Moslems aanbid |
| 1.2.2 | Pelgrimstog | B | 'n Plek wat belangrik is vir alle mense in die wêreld |
| 1.2.3 | Moskee | C | 'n Groep mense wat reis met hul goedere op kamele gelaai |
| | | D | 'n Spesiale reis na 'n heilige plek |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.2.1 | | 1.2.2 | | 1.2.3 | |

1.3 Gee EEN rede waarom trans-Sahara-handelaars kamele vir vervoer gebruik het. (1)

_______________________________________________

_______________________________________________

1.4 Wat, volgens die bron, was die resultaat van Mansa Musa se pelgrimstog na Mekka? (1)

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

**[6]**

**VRAAG 2:** Gebruik Bron A, Bron C en jou eie kennis om die vrae te beantwoord.

Bron C: **Twee uittreksels uit 'Beskrywings van Afrika' geskryf deur Leo Africanus**

> "Daar is baie regters, onderwysers en priesters hier, wat almal goeie salarisse van die koning ontvang. Die koning het baie respek vir geleerdheid. Daar is 'n groot aanvraag na boeke, en groot wins word gemaak uit die handel in boeke. Vakke soos wiskunde, geografie, sterrekunde en geneeskunde word by skole en universiteite aangebied.
>
> "Die mense is baie ryk. Die koning het 'n ryk skat van goud. Daar is baie graan en baie diere. Maar sout is skaars."
>
> [Bron: Aangepas uit Almal Verstaan, Gr 7)

2.1 Haal aan (skryf woorde) uit die bron om te bewys dat onderwys belangrik was vir die koning. (1)

___________________________________________________________________

2.2 Is hierdie stellings WAAR of ONWAAR? (2)

2.2.1 Timboektoe-handelaars het baie geld vir boeke betaal. ______________

2.2.2 Ooggetuieverslae is altyd betroubare bronne van historiese inligting. ______________

2.3 Noem die twee hoofprodukte wat in Timboektoe verhandel is. (2)

________________________ en ______________________

2.4 Vind Timboektoe op die kaart (Bron A). (2)
Hoe het Timboektoe se ligging daartoe bygedra dat dit 'n besige handelstad geword het? Gee twee redes.

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

___________________________________________________________________

**[7]**

**VRAAG 3:** Gebruik Bron D en jou eie kennis om die vraag te beantwoord.

Bron D:**Die Timboektoe-manuskripteprojek**

*Die Timboektoe-projek help om ou boeke en geskrifte van Timboektoe, 'n bekende stad in Mali, te beskerm en te red. Hierdie boeke is baie spesiaal omdat hulle lank gelede geskryf is en belangrike inligting oor Afrika se geskiedenis, wetenskap en kultuur bevat. Die projek verseker dat die boeke veilig gehou word sodat mense in die toekoms daaruit kan leer.*



3.1 Verduidelik waarom die Timboektoe-manuskripte vandag nog belangrik is vir ons as mense van Afrika. (2)

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________


**[2]**

**AFDELING A TOTAAL: 15 PUNTE**

## AFDELING B: DIE TRANS-ATLANTIESE SLAWEHANDEL


**VRAAG 4:** Gebruik Bron E, Bron F en jou eie kennis om die vrae te beantwoord.

Bron E:**Grafiek met aantal slawe wat van Afrika na die Amerikas geneem is**




[Bron: Oxford Tematiese Atlas]

Bron F: **Kaart wat die driehoekige handel toon**




[Bron: Aangepas vanaf https://upload.wikimedia.org/]

4.1 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)

Slawerny in Afrika het eers begin toe die Europeërs na Afrika gekom het. __________

4.2 Kyk na die kaart van die Driehoekige Handel. Elke deel van die roete is gemerk met 'n letter (A, B, C). Skryf langs elke letter neer wat op daardie deel van die roete vervoer is. (3)

A: ______________________________________________

B: ______________________________________________

C: ______________________________________________

4.3 Volgens Bron E, hoeveel mense (slawe) is in die 18de eeu na die Amerikas geneem? (1)

_________________________________

4.4 Verduidelik waarom daar soveel mense as slawe in die Amerikas nodig was. (2)

____________________________________________________________________

____________________________________________________________________

4.5 Kyk na die grafiek (Bron E). Waarom dink jy is minder slawe in die 19de eeu (1801-1900) as in die 18de eeu verhandel? (1)

____________________________________________________________________

4.6 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

4.6.1 Wat het gebeur met die grondstowwe wat slawe op die plantasies geproduseer het? (1)

A. Dit is in Noord-Amerika verkoop.
B. Dit is teruggeneem na fabrieke in Afrika.
C. Dit is na Europa gestuur om goedere te maak.
D. Dit is slegs deur die slawe gebruik.

4.6.2 Watter TWEE kontinente het die meeste geld uit die slawehandel gemaak? (1)

A. Afrika en Noord-Amerika B. Europa en Noord-Amerika
C. Suid-Amerika en Afrika D. Australië en Afrika

**[10]**

**VRAAG 5: Verwys na Bron G en jou eie kennis om die vrae te beantwoord.**

Bron G: **'n Geskrewe bron oor werk op 'n suikerplantasie**

*'Ons het van sonsopkoms tot son-onder op die plantasie gewerk. Die blare het ons kaal enkels en bene soos messe gesny. Ons rûe is oopgeskeur deur die sweepslae as ons nie hard genoeg gewerk het nie.'* [Bron: Aangepas uit Solutions for All Gr 7]

5.1 Definieer 'plantasie' in jou eie woorde. (2)

________________________________________________________________

________________________________________________________________

5.2 Beskryf hoe dit was om 'n slaaf op 'n suikerrietplantasie te wees. (2)

________________________________________________________________

________________________________________________________________

5.3 Noem een ander produk, behalwe suiker, wat op die plantasies geproduseer is. (1)

________________________________

5.4 Wat het slawe gedoen terwyl hulle gewerk het om hulle moed te gee? (1)

________________________________________________________________

5.5 Noem enige TWEE maniere waarop slawe weerstand gebied het. *(Dink aan vreedsame en gewelddadige maniere)* (2)

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________

**[8]**

**VRAAG 6: Daar was baie slawe-rebellies in die Amerikaanse Suide. Verwys na Bron H en jou kennis oor slawe-rebellies om die vrae te beantwoord.**

Bron H: **Rebellie teen slawerny**




**<u>Nat Turner se Rebellie (1831)</u>**

Nat Turner was 'n slaaf in die Amerikaanse suide. In 1831 het hy 'n groep slawe in 'n rebellie gelei. Die rebellie het twee dae geduur en ongeveer 60 mans, vroue en kinders op die plantasies is doodgemaak. Nat Turner en die rebelle is toe gevange geneem, verhoor en ter dood veroordeel. Na die rebellie was slawe-eienaars bang en het selfs strenger reëls vir slawe ingestel.

[Bron: https://billofrightsinstitute.org/essays/nat-turner]



**Death of Capt. Ferrer, the Captain of the Amistad, July, 1839.**

Don Jose Ruiz and Don Pedro Montez, of the Island of Cuba, having purchased fifty-three slaves at Havana, recently imported from Africa, put them on board the Amistad, Capt. Ferrer, in order to transport them to Principe, another port on the Island of Cuba. After being out from Havana about four days, the African captives on board, in order to obtain their freedom, and return to Africa, armed themselves with cane knives, and rose upon the Captain and crew of the vessel. Capt. Ferrer and the cook of the vessel were killed; two of the crew escaped; Ruiz and Montez were made prisoners.

**<u>Joseph Cinqué en die Amistad-muitery (1839)</u>**

Joseph Cinqué was 'n boer van Sierra Leone, in Wes-Afrika. In 1839 is hy ontvoer en as slaaf verkoop. Hy is na Kuba geneem en op 'n skip genaamd La Amistad geplaas. Tydens die reis het Cinqué 'n rebellie gelei en die kaptein van die skip is doodgemaak. Die Amerikaanse vloot het hulle gevang, en Cinqué moes hof toe gaan om te verduidelik wat gebeur het. Die hof het beslis dat hy en die ander Afrikane onwettig as slawe geneem is. Hulle is vrygelaat en kon na Afrika terugkeer.

[Bron: https://connecticuthistory.org]

6.1 Omkring die letter van die korrekte antwoord.

6.1.1 Wat is 'n slawe-rebellie? (1)

A. 'n Georganiseerde opstand B. Wanneer slawe goedere verhandel

C. 'n Georganiseerde kerkvergadering D. Wanneer slawe weghardloop

6.2 Noem 'n ooreenkoms tussen Nat Turner en Joseph Cinqué se rebellies: (1)

______________________________________________________________________

6.3 Wat was die uitkoms van die hofsaak vir Nat Turner? (1)

______________________________________________________________

6.4 Wie se rebellie was meer suksesvol? Nat Turner of Joseph Cinqué? Verduidelik jou antwoord. (3)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

6.5 Stem jy saam met die optrede van die slawe wat geweld gebruik het om terug te veg? Gee een rede vir jou antwoord. (1)

______________________________________________________________

______________________________________________________________


**[7]**

**VRAAG 7: Verwys na Bron I en jou kennis om die vrae te beantwoord.**

Bron I: **Harriet Tubman en die liedjie "Go Down Moses"**

Harriet Tubman is die "Moses" van haar mense genoem. Sy het baie slawe gehelp om te ontsnap. "Moses" was haar geheime naam as 'n kondukteur op die Ondergrondse Spoorweg. Die liedjie "Go Down Moses" is deur slawe gesing om mekaar hoop te gee. Dit lui:

"Toe Israel in Egipte was, laat my mense gaan.
So erg mishandel dat hulle nie kon staan, laat my mense gaan."




7.1 Verduidelik waarom Harriet Tubman "Moses" genoem is? (2)

______________________________________________________________

______________________________________________________________

7.2 Is die stelling WAAR of ONWAAR? (1)
Die Ondergrondse Spoorweg was 'n trein wat slawe na vryheid vervoer het. _________

7.3 Watter woorde uit die liedjie "Go Down Moses" wys dat die slawe vry wou wees. (1)

______________________________________________________________


7.4 Watter boodskap het die liedjie "Go Down Moses" aan die slawe gegee? (1)


______________________________________________________________ **[5]**


**<u>VRAAG 8:</u> PARAGRAAF**

"**Baie mense van Afrika is gevange geneem en op 'n lang, moeilike reis geneem voordat hulle as slawe in Amerika verkoop is."**

Skryf 'n paragraaf om te verduidelik wat met slawe gebeur het vandat hulle in Wes-Afrika gevange geneem is totdat hulle in Amerika verkoop is. Begin jou paragraaf met 'n onderwerpsin wat vertel waaroor jou paragraaf gaan. Gebruik die prentjies om jou te help. **[5]**








| Vlak | Beskrywing | Punte |
| --- | --- | --- |
| **Vlak 1** | Die paragraaf toon min of geen begrip van wat met mense gebeur het van die tyd dat hulle gevange geneem is tot die tyd dat hulle as slawe in Amerika verkoop is nie. | 0–1 |
| **Vlak 2** | Die paragraaf bevat ongeveer 3 basiese punte, maar is nie goed georganiseer nie. Toon 'n mate van begrip van wat gebeur het vandat mense gevange geneem is tot wanneer hulle as slawe in Amerika verkoop is. | 2–3 |
| **Vlak 3** | Gebruik duidelike en akkurate inligting in 'n goed-gestruktureerde paragraaf. Sluit 'n onderwerpsin, ten minste 3 punte en 'n slotsin in. Toon goeie begrip van wat met mense gebeur het van die tyd dat hulle gevange geneem is tot hulle in Amerika verkoop is. | 4–5 |

**AFDELING B TOTAAL: 35**

**TOTAAL: 50**